

Groet en Gasvryheid

Baie sake speel 'n rol in die indruk wat mense van 'n gemeente kry

En onthou - jy het nooit 'n 2de kans om 'n eerste indruk te maak nie!

- Bv.
- * parkeerplek (het hulle plek vir my?)
 - * netheid van die terrein en die gebou (wat sê: ons het alles onder beheer , het goeie smaak en is in pas met die tyd)
(Hierdie indruk kry jy nog voordat jy,n mens ontmoet het)
 - * en dan die heel belangrikste - **liefde en warmte**

En hoe kan ons praat van liefde as ons die persoon nie eens gegroet het nie.

Die kos wat 'n Geestelike honger mens die nodigste het , is tog liefde. As hy nie met die eerste intrapslag mense se liefde ondervind nie , sal 'n logiese vraag nie wees , of Goddelike liefde nie ook afwesig is nie?

Kom ons kyk wat sê die Woord

Matt 22:37 Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. **38** Dit is die grootste en die eerste gebod. **39** En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' **40** In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat."

Die groot gebod is liefde, en die gebod om lief te hê, is die gebod wat die meeste herhaal word in die Nuwe Testament (minstens 55 keer)

Jesus was ons volmaakte voorbeeld van liefde in aksie (barmhartigheid).

Hy het skares gelok ,eerstens omdat Hy lief was vir hulle , die kinders , die siekes, die armes en die ongelowiges .

Jesus het dit veel meer geniet om by "soekers" te wees as by die godsdiensteleiers.

Ons liefde moet gefokus wees op nuwelinge , nie net op mekaar nie.

Matt 5;47: As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag?

Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? **47** En as julle net julle broers groet, wat doen julle

meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie? **48** "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is."

Hebr 13:2 *Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.*

Almal is welkom by die kerk, (*ekklisia*, wat beteken: bymekaarkom met 'n doel -

nl. Christus!)

Dit maak nie saak wie dit is,

of wat n persoon gedoen het nie,

of hoe sy verlede lyk nie.

Dis nooit te laat, te lelik of te onmoontlik om deel van Christus se liggaam te word nie - die kerk. (bv. die moordenaar aan die kruis).

By Die Here begin ons altyd nuut .

Wanneer Jesus iemand teëgekomp het, het Hy eerste by hulle seer, behoeftes en belange begin.

Mense hoor nie wat gesê word voordat jy nie eers na hulle geluister het nie. Hulle gee dus nie om hoeveel kennis jy het, voordat hulle nie weet hoeveel jy omgee nie. Die vinnigste manier om 'n brug te bou na kerklose mense is om belangstelling te toon in hulle en te wys jy het begrip vir hul probleme en behoeftes.

As "vissers van mense" , moet ons altyd gereed en bedag wees op geleenthede om mense te bereik. Ons wil baie keer "visse vang" wat klaar skoon en gaar is, dit is soms hoekom kerke nie mense nie voldoende bereik nie.

God is besorg oor ons karakter, want dit is al wat ewigheidswaardes het, daarom kan God allerhande soorte emosionele pyn gebruik om mense se aandag te trek:

Bv. Die pyn van 'n egskeiding, die dood van 'n geliefde, werkloosheid , finansiele probleme, huweliks- en gesinsprobleme, eensaamheid , wrokkigheid, skuld en ander spanningsvolle gebeure.

Liefde trek mense soos n magneet aan!

Gebrek aan liefde skrik mense af!

Liefde is omgee, en begin tog logies met n hartlike groet!

1 Tes 5.25: *Broers, bid ook vir ons. **26**groet al die medegelowiges met 'n soen van Christelike broederskap.*

2 Kor 13;12: Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap.

Rom 16;16: Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap. Al die gemeentes van Christus stuur vir julle groete.

1Petr 5;14 : Groet mekaar met 'n soen van Christelike liefde. Vrede vir julle almal wat in Christus is!

"Soen van Christelike broederskap" :

In ons kultuur vandag - 'n daadwerklike, hartlike groet, deur hom/ haar op die naam te noem, met oogkontak en aanraking (handdruk ,drukke, klop op die skouer , soen ens.)

Waarop moet ons fokus?

- * Memoriseer name - jou naam is die mooiste klank in jou ore. Niks , nie eens 'n miljoen rand of goud klink so mooi soos jou naam nie.
- * Meng met mense en gesels met hulle, veral voor die diens. Dit is amper die enigste geleentheid wat jy het om al die besoekers op een plek te hê.
- * Aanvaar mense sonder veroordeling of "goedkeuring ".

Jesus het mense aanvaar sonder om hulle sondige leefwyse goed te keur.

(Heiligmaking volg na verlossing!)

Daar is niks wat kan vergoed vir liefdeloosheid teenoor ander mense nie.

Daarom groet, groet!!

Na die groet is die volgende behoefte by die kerk- n sitplek.

Die besoeker se grootste emosie is vrees , hy/sy is bang hy gaan uitstaan daarom wil hy agter in die kerk sit. (ons sal n metode moet vind om sitplekke agter uit te hou vir besoekers. - Besoek self 'n vreemde kerk vir beter begrip)

Angstige of bang mense soek dikwels iets groter as hulself, om die pyn te verlig en die leegheid te vul wat hulle beleef.

Let op na die volgende besoekers:

- * Egnore met ernstige huweliksprobleme
- * Mense wat behoefte het aan 'n herstelprogram van alkohol en ander verslawing
- * Nuwe ouers
- * Mense wat terminaal siek is en hul gesinne
- * Ouers met probleemkinders

- * Mense wat onlangs hul werk verloor het of diegene met groot finansiële probleme .
- * Nuwe intrekkers in n gebied . Besoekers wat 'n tweede keer na ons kerk toe kom

- * Hegte vriende en familie van nuwe lidmate
- * Besoekers wat 'n tweede keer na ons kerk toe kom

- * Hegte vriende en familie van nuwe lidmate

Samevatting:

Met 'n doringkroon op Sy kop , met 'n houtkruis op Sy rug , en met my /jou op Sy gedagtes, het Hy my/jou gewys wat liefde in aksie is!

Kom ons antwoord in dankbaarheid en doen wat die eis van die omstandigheid van ons verwag, ja selfs so min as n vriendelike groet.

Wanneer besoekers by jou kerkgebou instap, handel hul eerste vraag nie oor godsdiens nie, maar oor "kultuur".

Terwyl hulle na die kerk vol vreemde gesigte kyk, is hul stille vraag: ' Is hier nog iemand soos ek?'

Jou gesindheid moet sê: 'As jy hierheen kom, sal ons jou liefhê. Maak nie saak wie jy is, hoe jy lyk, of wat jy gedoen het nie, hier gaan jy liefde kry.'

'Ons is 'n familie, en jy hoort hier!'

Bronnelys:

1. DOELGERIGTE KERK - RICK WARREN, 2. DEEP & WIDE- ANDY STANLEY, 3. RADICAL - DAVID PLATT, 4. EMBERS TO FAME -

SAAMGESTEL:

REINIER MULLER